

Maar dit stuit nie sy aansien onder veral jong wit mense nie. Sy lirieke word 'n mantra. In die jare tagtig kom die Voëlvry-beweging tot stand; jongmense betoog teen rassediskriminasie en onderdrukking.

Koos Kombuis vertel: "Natuurlik was Rodriguez 'n moerse invloed. Toe ek jonk was, was hy die slim ouens se Neil Diamond. En ja, hy het my aangespoor om die Voëlvry-ding te doen, want ek het hom geglo toe hy sing '*The system's gonna fall soon to an angry young tune ...*' en dit het wragtig só gebeur!"

Koos sê hy het nie meer CD's van Rodriguez nie "en ek is ongelukkig te besig om aan my eie nuwe show te *rehearse* om na hom te gaan kyk, maar ek *cheer* hom al die pad! As Suid-Afrika iets soos '*knighthood*' gehad het, moes ons hom lankal deel van ons aristokrasie gemaak het, saam met die Mandelas."

Daar word geraam dat daar in die jare sewentig, tagtig en negentig meer as 550 000 van sy albums in Suid-Afrika verkoop is. Sy liedjies veroorsaak destyds ook opskuddings in Australië en Nieu-Seeland. Hiervan is Rodriguez egter salig onbewus.

Hy verwerf sy graad in filosofie by die Wayne State-universiteit in Detroit se Monteith-kollege en fokus op die opvoeding van sy drie dogters. Hy voer 'n eenvoudige bestaan sonder sy eie motor of telefoon.

In Suid-Afrika word sy albums in 1991 op CD uitgereik en een van sy aanhangers, Stephen "Sugar" Segerman, wonder een aand saam met vriende hardop wat van sy gunstelingsanger geword het. Gerugte doen die rondte dat hy homself tydens 'n konsert geskiet het, ander het te vertelle dat Rodriguez homself aan die brand gesteek en voor aanhangers doodgebrand het.

Segerman begin saam met musiekjoernalis Craig Bartholomew 'n soektog na Rodriguez wat hulle regoor die wêreld neem en wat verlede jaar in 'n dokumentêr, *Searching for Sugar Man*, vergestalt is. Segerman vertel daarin hoe hy 'n webwerf begin het waarop mense kon skryf as hulle aanhangers is en as hulle enigiets van Rodriguez weet. Die sanger het geen aanhangers in Amerika gehad nie.

Craig Bartholomew het met sy navorsing voortgegaan en elke woord in Rodriguez se lirieke vir leidrade deursoek, tot hy op 'n verwysing na Detroit afgekom het. Die tweemanskap het die foto op Rodriquez se plaatomslag op melkkartonne geplaas en gevra dat mense hulle met inligting kontak. Die sanger se oudste dogter, Eva, het in 1998 op dié webwerf afgekom en vriende het hom op die melkkarton herken. Sy het die twee mans in Suid-Afrika gekontak, onbewus van haar pa se sukses.

Segerman het per foon met hom gesels en vir hom gesê dat hy groter is as Elvis hier in Suid-Afrika. Rodriguez was verstom en het aanvanklik vermoed dis 'n gekskeerdery. Dis die jare negentig, voor internet en e-pos en internasionale TV-kanale en YouTube. Ná vele oorreding het hy en sy dogters na Suid-Afrika gereis vir sy eerste optrede op 6 Maart 1998. Lede van die ou Voëlvry-beweging het saam met hom opgetree en mense was oorweldig deur die misterie van Rodriguez, wie se liedjie Sugar Man aan hom dié bynaam gegee het.

Eva vertel in die dokumentêr: "Net omdat mense arm is en baie min besit, beteken dit nie hul drome is nie groot nie." En die sanger vertel dat Suid-Afrika hom meer as 'n prins laat voel.

> Mense **moenie sit en wag** vir **verandering** nie

Maar 'n profeet word nie in sy eie land geëer nie. Selfs ná die sukses van sy konserte in Suid-Afrika, Australië en Nieu-Seeland, keer hy terug Amerika toe en leef in soortgelyke omstandighede as voor sy toer. En dis waarom elke vertoning van hom in Suid-Afrika soos 'n tuiskoms is.

Stephen vertel my net voor sy vertrek na Amerika, waar die dokumentêr vir 'n Oscar benoem is, dat hy nie in sy wildste drome sou kon glo hoe die "ontdekking" van Rodriquez sy lewe sou verander nie. Sy winkel in Kaapstad, Mabu Vinyl, word oorval deur toeriste wat die dokumentêr gesien het en 'n geselsie met hom wil aanknoop.

"Ek staan soms in ongeloof dat 'n gedagte een aand op Kampsbaai se wit sand oor wat van Sugar Man geword het, 15 jaar later in 'n sprokie verander het – van 'n dokumentêr wat hierdie ongelooflike verhaal vertel, 'n BAFTA gewen het en dalk 'n Oscar kan verower. Ek en Malik Bendjelloul het met geen span en geen geld nie in Kaapstad rondgery vir skote vir die fliek en Malik het dit by sy kombuistafel op sy skootrekenaar aanmekaargesit," vertel hy.

Stephen sê hy hy voel geëerd om deel van die storie te wees. Sy vel kriewel van lekkerkry om te dink dat Rodriquez nou ook uiteindelik die erkenning in sy geboorteland kry. "Dit het my 'n dekade geneem om sy verhaal en sy musiek aan Amerikaners voor te stel en vir hulle om een van hul grootste liriekskrywers en sangers te eer." Rodriguez was in 2012 'n gas op die *Late Show With David Letterman* en 'n program is daar oor sy lewe uitgesaai. 'n Petisie is ook uitgestuur vir Rodriguez om die Kennedy Center Honor-toekenning te ontvang.

Die konsert op 9 Februarie in Kaapstad vanjaar is 'n feesviering van 'n verlore seun wat huis toe gekom het. Teen die einde van die vertoning lewer hy 'n pragtige vertolking van die Bob Dylan-liedjie Like a Rolling Stone. Hy vra later of enigiemand in die gehoor die geheim van die lewe wil hoor? 'n Oorweldigende "ja" word uitgeskree. "Asem in, asem uit." Die gehoor skaterlag. "En wil enigiemand die misterie van die lewe verstaan?" Weer 'n "ja". "Dat ons nooit weet wanneer dit tot 'n einde gaan kom nie!"

Sy dogters vergesel hom nou op sy toere omdat sy oë weens gloukoom verswak. 'n Paar dae later, enkele maande voor sy 71ste verjaardag, vertel hy dat die hele ervaring sy lewe verander het. "Ek het die fliek al 40 keer gekyk en is dankbaar vir al die sukses wat dit behaal. Ek sien myself as musikaal-polities en glo mense moenie sit en wag vir verandering soos ons geslag gedoen het nie – jy het beperkte tyd om dinge te laat gebeur. Maar daar is hoop." Hy glo daar is genoeg jongmense wat die fakkel vorentoe kan dra.

Hy het nooit ophou liedjies skryf nie. Hy beskou sy talent as 'n blote nering en sê beskeie dat hy 'n woordeboek gebruik as hy skryf, maar tog digterlike vryheid in sy lirieke geniet. "En wie weet," sê hy en lag skaam, "dalk is daar ná Julie vanjaar 'n nuwe CD ..."

***Searching for Sugar Man* het in Februarie die Oscar vir beste dokumentêre rolprent gewen** Vk